

MIDBRAK BELASTINGBETALERSVERENIGING

NOTULE VAN VERGADERING GEHOU OP WOENSDAG 4 JULIE 2018

1. OPENING EN VERWELKOMING –

George Nezar open vergadering met gebed en almal teenwoordig word verwelkom.

Spesiale woord van verwelkoming aan die nuwe bou-inspekteur Andre Rayners en ons bedank Johan Scheepers vir dienste gelewer wie nou aftree.

2. PRESENSIE-

Die volgende lede is afwesig met verskoning: Buks Pieterse, Frik Nel, Flippie Bezuidenhout, Francois Thiar en Raadslid Anton Dellelijn

3. LIEF EN LEED - Geen

4. GOEDKEURING VAN VORIGE NOTULE- die notule word eenparig goedgekeur en aanvaar.

5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE-

5.1 Munisipale sake - Swart, blou en groen sakke word op dieselfde dag uitgesit en verwyder

5.2 Thusongsentrum- Rigtingwysers - Rdl Anton nie teenwoordig

5.3 Herseel van strate- Rdl Anton nie teenwoordig. George sal epos stuur oor herseelprogram en antwoord sirkuleer.

6. AANVULLENDE AGENDA EN NUWE SAKE VIR BESPREKING

Geen

7. BOUINSPEKTEUR - Johan Scheepers en Andre Raynders

7.1 Oortredings van bouregulasies, onwettige toegange in Impalaweg, en storting van bou-rommel word bespreek en geniet voortdurend aandag. Probleme by Impala 70, Voorbaai 25, en Seester 66 word gerapporteer. Hofsaak van Impalaweg 82 vind plaas op 20 Julie 2018 en uitslag sal gekommunikeer word.

7.2 Munisipale beleid vir die oprigting van keermure met voorafvervaardigde sement blokke is nie beskikbaar op die Munisipale webtuiste. Cecil Barry versoek dat sodanige riglyne aan ons verskaf word, indien moontlik.

8. FINANSIES - Ons het nog nie deposito strokies vir die huur van die saal van Rdl Anton

ontvang nie en kon hom dus nog nie daarvoor vergoed nie.

9. WEBSITE INSTANDHOUDING - Klaus Oellrich - www.midbrakratepayers.co.za

10. BYWONING VAN MUNISIPALE KOMITEE RAADSVERGADERINGS

George Nezar en Mike Wray woon maandeliks vergadering by en gee terugvoer oor die beoogde visplaas en verlengde ure vir drankverkope.

11. WYKSKOMITEES - Die volgende vergadering vir wyk 5 vind plaas op 18 Julie 2018

Die voorsitter versoek Jaques Radley om tydens die vergadering weer die verfraaiing van erf 436 langs die saal moet opneem. Die moontlikheid van n trimpark word genoem.

12. PROJEKTE- Herbou van R102 wees asb verdraagsaam. Daar is begin met die pad vanaf die hoenderplaas verby Rheeboek stene na R102 ook.

13. BEWAREA- besoek gerus die facebook blad **MIDBRAK CONSERVANCY/BEWAREA** vir interessante en leersame inligting.

14. POLISIERING/BUURTWAG-

Nog geen terugvoer van versoek dat daar n lig in park by Albertiniaweg aangebring word nie. Jaques Radley sal weer versoek per epos stuur met afskrif aan Voorsitter

Huisnommers wat in donker reflekteer is teen R100 beskikbaar by Buurtwag want in die geval van nood moet huise ge-identifiseer word en meeste van die tyd is daar geen nommers op nie.

Jaques gee ook terugvoer oor oproer in die omgewing en moedig lede aan om die SMS-nommer 44802 te gebruik om bv. straatligte te rapporteer wat nie werk nie.

15. KORRESPONDENSIE- Kennisname vir hersonering op erf 439, kerk wil saal bou.

16. PLAASLIKE SAKE

16.1 De Lange Uitb. - Ann Pretorius - Geen

16.2 Toekoms- geen verteenwoordiger

16.3 Rheeboek Village/Groenkloof - Andre Smit - nie teenwoordig

16.4 Fraaiuitsig- Frik Nel en Charl Coetzer

16.5 Tergniet- Francois Thiar - nie teenwoordig

16.6 Tergniethoogte- Mike Wray en George Nezar - Sloot oor pad in Seesterlaan nog nie herstel-
Voorsitter versoek Johan Lotter om daaraan aandag te skenk

16.7 Rheeboekhoogte- Jaques versoek dat witstrepe op Impalalaan aangebring word waar pad oorgeteer is

16.8 Rheeboekrif-Buks Pieterse en Flippie Bezuidenhout

16.9 Rheeboek: Noord van die spoorlyn - Johan Lotter

Suid van die spoorlyn - Cecil Barry – Versoek vir herseel van Le Rouxstraat

16.10 Klein Brakrivier-Robbie Landers en Pieter le Roux - versperring by visvangarea nog nie herstel

16.11 Riverside- geen verteenwoordiger

17. ALGEMEEN- Indeling van portefuljes - Versoek dat die Voorsitter die onderskeie direkteure se kontak besonderhede sal deurgee. Dank aan Buks en Cecil vir hul werk met onderstaande indeling.

Nuwe Indeling van portefuljes.

1. Sekretariaat

- Regsdienste George Nezar
- Admin dienste Mike Wray
- Verenigings Bestuur Ann Pretorius Informasie , Kommunikasie
- Dienste en Media skakel **Klaus Oellrich** (Slegs Kennisname)

2. Kooperatiewe Dienste

- GOP Proses George Nezar Wyk 5
- Begrotingsmonitering en uitvoering Buks Pieterse Wyk 4

3. Ekonomiese Ontwikkeling

- Bewaria- Land, Kus en Kleinbrak rivierstelsel
- Toerisme
- Dorp en streeksbeplanning en Ontwikkeling
- SMME

Matthew Thorpe (Slegs kennisname)
Francois Thiart
Pieter le Roux Flippie Bezuidenhout
Johan Lotter

4. Infrastruktuur Dienste(Tegnies & Geïntegreerde)

- Water
- Riool
- Paaie en Stormwater
- Elektriese Dienste

Cecil Barry
Frik Nel
Johan Lotter

5. Gemeenskaps Dienste

- Veiligheid
- Rampbestuur
- Skoonmaak van erwe & groengordels
- Afval bestuur
- Gemeenskapsale

Jacques Radley
Buks Pieterse
Charl Coetzer
Robbie Landers

18. VOLGENDE VERGADERING SAL OP WOENSDAG, 5 SEPTEMBER 2018 OM 13H00 BY DIE REEBOK GEMEENSKAPSAAL PLAASVIND

| MBBV&B AKTIWITEITSLYS 2018 | Bespreking |
|--|-------------------|
| Onderwerp | Nov 2018 |
| 1. Midbrak N2/R102 Ontwikkeling- voorgestelde grondgebruik veranadering vanaf landbou of onbepaalde gebruik of n soortgelyke sonering na enige ander grondgebruik vir dorpsstigting | |
| 2. Stormwatersloot in Kusweg | |
| 3. Sake by Munisipale Regsafdeling: | Rdl Anton |
| a) Tennisbane- Klein Brakrivier(navraag oor eiendomsreg) | |
| b) Erf 264 en 271 Reebok (vordering van eiendomsreg) | Bewarea |
| 4. Reebokrif HEV - vergadering met MM (hopelik) | Sept 2018 |